

**DeeltitelForum**

TERTIUS MAREE

# Die ABC van trusteevergaderings

Besluitneming op vergaderings is onderliggend tot doeltreffende deeltitelbestuur. Dit geld ten opsigte van ledevergaderings sowel as trusteevergaderings.

Artikel 39(1) van die Deeltitelwet bepaal dat alle funksies van die deeltitel-regspersoon, synde die vereniging van lede, deur die trustees uitgeoefen word, onderhewig aan sekere uitsonderings. Die behoorlike uitvoering van trustee-funksies en die neem van sinvolle trustee-besluite is gevolglik uiters belangrik om doeltreffende bestuur te verseker.

## Hoe werk dit?

Die nodige trusteebesluite word op trusteevergaderings geneem. 'n Vergadering is 'n bymekaarkoms van persone waartydens gedagtes verwissel en uiteindelik ten opsigte van besluite gestem word, ten einde 'n resultaat te bereik.

Indien 'n vergadering nie moontlik is nie weens die feit dat sommige trustees weens afstand of ander redes nie die vergadering kan bywoon nie, bepaal bestuursreël 24 as volg:

*'n Skriftelike besluit wat onderteken is deur al die trustees wat op daardie tydstip in die Republiek is en wat nie minder is nie as die getal wat nodig is om 'n kworum te vorm, is so geldig en effektief asof dit geneem is by 'n vergadering van trustees wat behoorlik belê en gehou is.*

Veral by skemas soos gholf- en vakansieoorde is dit dikwels besonder moeilik om die trustees bymekaar te bring om 'n vergadering te hou. Die groot nadeel van die *"round robin"*-prosedure is dat die trustees nie die geleentheid het om menings van aangesig tot aangesig te opper en uiteenlopende sienings te debatteer nie. Die belangrikheid hiervan moet nie onderskat word nie.

## Die nadele

Besluitneming op 'n vergadering waar die trustees wel teenwoordig is, het egter ook 'n ernstige nadeel. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die onlangse wysigings van die bestuursreëls wat onlangs deur die Regulasieraad in plek gestel is en vanaf 1 Augustus geld. Sodanige wysigings is op 'n vergadering van die raad oorweeg, gedebatteer en geformuleer. Nogtans bevat dit talle foute en kan ernstige kritiek daaroor uitgespreek word. Hoe is dit moontlik dat 'n sameroeping van kundiges so 'n gebrekkige resultaat produseer?

Die antwoord is dat terwyl 'n vergadering 'n belangrike prosedure is om uiteenlopende standpunte uit te ruil, is dit nie altyd moontlik om in die hitte van 'n vergadering die fyner besonderhede van 'n saak raak te sien en behoorlik te oorweeg en te hanteer nie. Laasgenoemde het tyd en stilte nodig om behoorlik te kan evalueer. Terwyl besluitneming op trusteevergaderings nie altyd 'n fokus op sulke fyn detail vereis as by vergaderings van die Regulasieraad nie, speel hierdie tekortkoming van vergaderings tog soms 'n rol.

> **Nóg die wet, nóg die bestuursreëls laat 'Skype'-vergaderings toe.**

## Afwesiges, aandag!

Maar hoe dan gemaak indien die trustees nie vergaderings in lewende lywe kan bywoon nie? Die vraag word dikwels gevra of elektroniese bywoning aanvaarbaar is, byvoorbeeld by wyse van Skype. Die antwoord is nee. Nóg die wet, nóg die bestuursreëls laat sodanige "vergaderings" toe. Daar is ook ander argumente waarom dit nie gelykgestel kan word aan 'n werklike vergadering nie.

Die trustees is dus daarop aangewese om gebruik te maak van die *"round robin"*-prosedure deur bestuursreël 24 voorgeskryf. Soos reeds genoem, is die gebrek hiervan dat die trustees nie die geleentheid het om gedagtes uit te ruil nie.

## Hoe dan gemaak?

Hierdie tekortkoming moet sover moontlik oorbrug word en die prosedure wat ek voorstel, is die volgende: Die voorsitter, of 'n ander trustee, moet eers die leiding neem om die redes en motivering vir die beoogde besluit behoorlik uiteen te sit en dit aan alle trustees per e-pos te versprei.

Daarna moet een van die trustees 'n konsep-besluit opstel en dit moet dan ook aan alle trustees versprei word, vir oorweging, kritiek en aanbevelings. Gedurende hierdie proses moet alle trustees hul kritiek en opinies uitspreek, ten einde in soverre moontlik eenstemmigheid te verkry. Trustees moet verstaan dat geen stemming in hierdie prosedure moontlik is nie en dat eenstemmigheid dus noodsaaklik is, al is almal nie 100% gelukkig met die besonderhede van die besluit nie. 'n Mate van inskiklikheid sal dus nodig wees om 'n resultaat te kan bereik.

Uiteindelik moet 'n finale skriftelike besluit opgestel word en aan alle trustees versprei word. Sodanige besluit moet gedruk word en deur elkeen onderteken word. Die gedrukte, getekende besluit moet dan geskandeer word en per e-pos aan die voorsitter of kantoor teruggestuur word. Die doelwit van 'n besluit deur alle trustees onderteken, sal dan bereik wees en dit kan so in die notuleboek aangeteken word. Elkeen moet egter sy oorspronklike, getekende afskrif behou vir inlewering wanneer die trustees weer bymekaar kom, ingeval bewyslewering later nodig mag word.